BRITSE EILANDE AVONTUUR

9 - 24 Augustus 2022

Kom saam op ons 16-dae avontuur deur ***Engeland, Skotland*** en ***Ierland*** teen die spesiale groepstarief van **R44 990** per persoon. Verskeie hoogtepunte, soos die jaarlikse *Edenburg Taptoe-skouspel* en 'n *Seven Valley Steam-treinrit* is ingesluit.

Reisplan

Dag 1: Dinsdag, 9 Augustus **KAAPSTAD / JOHANNESBURG →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand vanaf Kaapstad en Johannesburg na Londen. Oornag aanboord na aandete.

Dag 2: Woensdag, 10 Augustus **→ LONDEN**
Ons arriveer vroegoggend in **Londen.** Aangesien dit nog te vroeg is opm by ons hotel in te bespreek, ry ons na *Covent Garden*, in die hartjie van die stad, waar ons tyd het om die omgewing te verken. Laatoggend vertrek ons bus na die ***Brittania International Hotel*** by *Canary Wharf*, waar ons die volgende twee nagte oorbly. Ons het vanmiddag tyd om die *Canary Wharf* area te verken, of om die besige inkopiestrate *Oxford, Regent en Piccadilly* te besoek. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 3: Donderdag, 11 Augustus **LONDEN**
Na ontbyt vertrek ons met 'n plaaslike toergids op 'n besigtigingstoer van hierdie indrukwekkende stad. Hou jou kamera gereed vir die Buckingham Paleis, *Westminster Abbey* en die parlementsgebou, *Tower of London*, St Paul's Katedraal en so meer.
Vanmiddag sien ons die stad vanuit die *London Eye* (toegangsgelde ingesluit) en daarna het ons vrye tyd om die stad verder te verken. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 4: Vrydag, 12 Augustus **LONDEN → STRATFORD UPON AVON → RUGBY → MARKET BOSWORTH**
Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons sak en pak om Engeland te verken! Ons stop by die genoeglike Tudor-dorp **Stratford upon Avon**, waar ons onder andere Shakespeare se huis besoek (toegangsgelde ingesluit). Ons reis verder noordwaarts na die dorp **Rugby**, waar die sportsoort ontstaan het. Ons besoek die skool waar William Webb Ellis die sport help uitvind het: *visit the museum after a guided tour and have a photo opportunity with the commemorative plaque where the game of rugby originated*.
Ons reis verder na die historiese dorpie **Market Bosworth**, waar ons die volgende drie nagte oorbly in die ***Bosworth Hall Hotel & Spa***. Die hotel (met 'n binneshuise swembad) is geleë in die hartjie van die Engelse platteland en omring deur pragtige tuine. Die imponerende hoofgebou dateer uit die sewentiende eeu. Die interessante dorp is net 'n entjie se stap vanaf die hotel. Aandete om 19:00.

Sien Londen se bakens vanuit die *London Eye*

Die prentjiemooi *Cotswolds* in Engeland

Dag 5: Saterdag, 13 Augustus **COTSWOLDS: STOW-ON-THE-WOLD & BOURTON-ON-THE-WATER → COVENTRY**
Na ontbyt besoek ons die bekende Cotswolds. Ons stop by **Stow-on-the-Wold,** die hoogste dorp in die Cotswolds (224m) in Gloucestershire. Verken die groot markplein met sy prentjiemooi geboue rondom. Daarna besoek ons **Bourton-on-the-Water**, geleë langs die Windrush-rivier en bekend vir sy kenmerkende lae brûe en tradisionele steen-huise. Laatmiddag vertrek ons terug na die *Bosworth Hall Hotel* vir aandete. Ons het 'n ook tyd vir 'n kort besoek aan die Coventry Katedraal in die stad **Coventry**. Sien die oorblyfsels van die oorspronklike katedraal wat op 14 November 1940 deur Duitse bomwerpers vernietig is.

Dag 6: Sondag, 14 Augustus **SEVEN VALLEY STEAM RAILWAY → SHREWSBURY**
Na ontbyt vertrek ons na die Bridgnorth-stasie vir ons treinrit met die outentieke ***Seven Valley Steam Railway*** vanaf Bridgenorth na Kidderminster. Ons bus sal ons daar ontmoet en verder neem na **Shrewsbury**, geleë teenaan die Severn-rivier, waar ons tyd het vir 'n opsionele middagete en verkenning van die dorp. *Shrewsbury's beautiful Tudor centre is lined with half-timbered houses…* Teen ongeveer 16:00 keer ons terug na ons hotel.

Dag 7: Maandag, 15 Augustus **MARKET BOSWORTH → LAKE DISTRICT → ARROCHAR**
Vanoggend vertrek ons om 08:00 verder noordwaarts deur Engeland na die mooie ***Lake District***, beskou as Engeland se mooiste nasionale park. Ons besoek **Grasmere**, tuiste van die digter William Wordsworth. Daarna reis ons al met die oewer van die **Windermere-meer** na Chester.
Vroegmiddag vertrek ons verder en steek die grens oor na na Skotland. Laatmiddag arriveer ons by die ***Claymore Hotel*** in **Arrochar**, waar ons die volgende vier nagte oorbly. Die hotel is geleë in die *Loch Lomond & The Trossachs* Nasionale Park en het 'n pragtige uitsig oor *Loch Long* en die omringende berge. Aandete om 19:00 in ons hotel.

Dag 8: Dinsdag, 16 Augustus **LOCH LOMOND → FALKIRK → STIRLING**
Vanoggend vertrek ons na **Loch Lomond** (die Britse Eilande se grootste meer), vir ons bootvaart op die meer om 10:30 (toegangsgelde ingesluit). Vroegmiddag besoek ons die dorp **Stirling**, met sy middeleeuse ou stad, geleë in sentrale Skotland. Stirling was voorheen die hoofstad van Skotland en word visueel gedomineer deur sy indrukwekkende Kasteel (toegangsgelde ingesluit). Voordat ons terugkeer na ons hotel, besoek ons die tradisionele *Tullibardane Distillery* vir 'n toer en die geleentheid om ware Skotse whiskey te proe!

Die *Stirling-kasteel* in Skotland

Beleef die *Royal Edinburgh Military Tattoo* skouspel!

Dag 9: Woensdag, 17 Augustus **EDENBURG & TAPTOE**
Na ontbyt het ons die oggend vry. Ons ontvang kospakkies vir middagete, sodat ons om 11:30 kan vertrek na **Edenburg**. Skotland se mooi en statige hoofstad is vol van geskiedenis, parke en historiese geboue, met die Edenburg Kasteel beslis 'n hoogtepunt. Ons het 'n stadstoer met 'n plaaslike toergids na die hoogtepunte van die stad en daarna tyd om verdere verkenning op ons eie te doen.
♫ Ons beleef in die strate ook iets van die opwinding van die jaarlikse ***Edinburgh International Festival.*** Dit is die grootste kunstefees in die wêreld (met meer as 2 800 vertonings!) en word jaarliks aangebied sedert 1947.
♫ Toegangskaartjie vir die jaarlikse ***Royal Edinburgh Military Tattoo*** is ingesluit**.** Die skouspel begin om 21:00, duur 90 minute en is elke aand dieselfde. Dit word afgesluit met 'n skouspelagtige vuurwerkvertoning.

Dag 10: Donderdag, 18 Augustus **FALKIRK → GLASGOW**
Vanoggend vertrek ons na Falkirk vir 'n baie besondere rit op die **Falkirk Wheel** (toegangsgelde ingesluit). Ons reis verder na **Glasgow** (waar die *Statebondspele* in 2014 aangebied was). Moenie die Glasgow Katedraal, wat dateer uit die dertiende eeu, en die imponerende *City Chambers in George Square* misloop nie. Ons het 'n interessante stadstoer saam met ons plaaslike toergids en daarna vrye tyd tot wanneer ons terugvertrek na ons hotel.

Dag 11: Vrydag, 19 Augustus **ARROCHAR → CAIRNRYAN → BELFAST → DUBLIN**
Ons avontuur word na ontbyt voortgesit as dit tyd is om Skotland te groet. Ons gaan by Cairnryan aanboord ons ferry vir die bootvaart oor die *Irish Sea* na Ierland. Ons het kans om iets van Belfast in Noord-Ierland te sien. Dit is ook in hierdie lewendige stad wat die legendariese Titanic destyds gebou is.
Ons bly die volgende vier aande (met aandetes ingesluit) oor in die ***Tallaght Cross Hotel*** geleë in die suidelike voorstede van Dublin. Die hotel is baie naby een van die grootste winkelsentrums in Ierland, *The Square Shopping Centre*, met meer as 160 winkels en restaurante.

Dag 12: Saterdag, 20 Augustus **WATERFORD & KILDARE**
Na ontbyt verken ons Ierland verder deur **Waterford** te besoek. *Waterford has maintained its Viking heritage and offers a delightful mix of attractions, from the distinctive landmark of Reginald's Tower to the Waterford Heritage Centre, with artifacts from the Viking past. Don't miss the famous Waterford Crystal Factory, offering an insight into glass cutting and glass blowing.* Ons besoek ook die tipiese Ierse dorp **Kildare**. Toegangsgelde vir die *Irish Stud Farm & National Gardens* daar is ook ingesluit.

Dag 13: Sondag, 21 Augustus **WICLOW MOUNTAINS → GLENDALOUGH → AVOCA**
Na ontbyt reis ons deur die **Wicklow Mountains** se skilderagtige landskap en natuurskoon. Ons besoek die tipiese Ierse dorpie **Avoca** en die historiese **Glendalough** en keer laatmiddag terug na ons hotel. Avoca is 'n klein dorpie by die Avoca-rivier en bekend vir Ierland se oudste *working hand weaving mill*, wat dateer uit 1723.
A visit to Glendalough is a trip through ancient history. The ancient monastic settlement founded by St Kevin in the 5th century grew to be quite powerful by the 9th century, but it started falling into ruin from 1398 onwards. Still, you won't find more evocative clumps of stones anywhere. Start at the Main Gateway to the monastic city, where you will find a cluster of important ruins, including the (nearly perfect) 10th-century Round Tower and Cathedral. And this is all situated in one of the most beautiful corners of the whole country.

Die natuurskone *Wicklow-berge* in Ierland

Stap saam in Dublin se strate!

<u>Dag 14: Maandag, 22 Augustus</u> **DUBLIN**
Na ontbyt vertrek ons vir 'n besigtigingstoer van die hoogtepunte van Dublin met 'n plaaslike toergids. Vanmiddag besoek ons die ***Guinness Storehouse*** (toegangsgelde ingesluit) vir die gewilde *Guinness Tour*. Volgens die *Lonely Planet*-gids: "*This beer-lover's Disneyland is a multimedia homage to Ireland's most famous export*!".

<u>Dag 15: Dinsdag, 23 Augustus</u> **DUBLIN →**
Na ontbyt het ons 'n laaste paar ure in hierdie mooi land! Dit is tyd om die Britse Eilande te groet en ons vertrek per bus na die Dublin-lughawe vir ons terugvlug na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

<u>Dag 16: Woensdag, 24 Augustus</u> **→ JOHANNESBURG / KAAPSTAD**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike avontuur deur die ***Britse Eilande,*** land ons in Johannesburg en Kaapstad.

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte (met lughawebelastings en brandstofheffings) in ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele vlugkoste van R1 050 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Luukse busvervoer met bekwame bus-operateurs vir veertien dae.
- ✓ Verblyf vir dertien nagte in vier uitgesoekte hotelle (soos in die reisplan aangedui).
- ✓ Ontbyt en aandete elke dag.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Toegangsgelde vir die volgende: *London Eye, Rugby Museum, Shakespeare's House, Severn Valley Steam Railway, Falkirk Wheel, Loch Lomond Cruise, Stirling Castle, Tullibaden Distillery Classic Tour, Irish Stud Farm & National Gardens* en *Dublin Guinness Factory*.
- ✓ Toegangskaartjie vir die *Edenburg Taptoe* in Edenburg op 17 Augustus 2022.
- ✓ Stadstoere met plaaslike toergidse in Londen, Edenburg, Glasgow en Dublin.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.
- ✓ Vir addisionele gemoedsrus is groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** ook ingesluit vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling). Dié reisversekering sluit onder andere die volgende in (met sekere polis-voorwaardes):
  - ❖ *Medical and related expenses (due to illness or injury): R50 million per person, this includes emergency medical and related expenses should a traveler contract the Covid-19 virus during a journey.*
  - ❖ *Additional accommodation expenses incurred as a result of contracting the virus during the journey is also included. Medically required quarantine costs are limited to R2 500 per day (with a max benefit limit of R25 000).*
  - ❖ *International journey cancellation or curtailment: R30 000 per person.*
  - ❖ *Luggage lost or delay: up to R20 000 per person.*

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die voorlopige toerkoste van **R44 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Augustus 2021. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van £1 = R20 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- ➢ Visumkoste van ongeveer **R1 800** is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- ➢ Ten einde in die Britse Eilande te kan toer, moet alle toerlede ten volle ingeënt wees teen Covid-19.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang beloop **R5 980**.
- ➢ Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- ➢ Ten minste 38 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ 'n Deposito van **R6 000** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- ➢ Die balans van die reisgeld moet **voor 30 April 2022** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:
Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Besigheids Verwysing: BRITANJE/ en u van
Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
Tel nr: 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za